

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die matige liefde van goddeloses en die liefde van gelowiges wat net liefde is.

Skriflesing Filippense 3: 3 – 12; 1 Korintiërs 13: 1 – 13.

Teks 1 Kor. 13:13 “En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie, maar die grootste hiervan is die liefde.

Tema Christus skep in ons 'n onbevange en onbelaste liefde – liefde wat werklik net liefde is

Geloof, hoop en liefde is die drie woorde waarmee Paulus die inhoud van die evangelie van Jesus Christus saamvat. Daarom is 1 Kor. 13 'n verduideliking van Christene se verbintenis aan Jesus Christus.

In Fil. 3 stel Paulus dat sy en God se liefde vir mekaar as Jood was vuilis. Dit was vuil liefde. In Fil. 3 vertel Paulus hoe hy van vuil liefde tussen hom en God weggekeer het na liefde wat reg en heilig is. In 1 Kor. 13: 11 stel hy dat hierdie vuil liefde is kinderagtige liefde en hy het dit uitgelos vir 'n volwasse liefde in Christus: 'n liefde wat heilig en reg is. Paulus het hom bekeer van die vuil liefdeservaring van Jode met God na die liefde van God, wat in en deur Jesus Christus, reg en heilig is.

Die verskil tussen hierdie twee soorte liefdes, is die verskil tussen 'n bevange en belaste liefde met en vir God, en 'n onbevange en onbelaste liefde met en vir God. In die vuil liefde tussen Paulus en God het hy geglo hy maak se liefde vir God onberispelik (Fil. 3:6) en bewerk só God se liefde vir hom.

Die liefde van God wat Paulus in Christus ontdek het, is 'n liefde waar God jou as sondaar met jou gebroke, skewe en halwe liefdes vir God reg en heilig laat wees vir sy liefde. Vuil liefde is 'n liefde waarin jy God en sy liefde, joune moet maak, terwyl in God se regte en heilige liefde het Christus jou reeds Syne gemaak. (Fil. 3: 12)

Só het God jou lief sonder dat jy sy liefde hoef te wen, te kry, te bewerk, deel van jou lewe te moet maak of te verdien. Dit is vuil liefde. In liefde wat reg is, kan jy God liefhê omdat jy reeds in God se liefde ingesluit is.

Regte liefde is net liefde omdat God jou lief het. Christus gee sy liefde vir sy kinders en Hy laat die liefde wat hulle vir Hom gee, met alles wat gebrekkig is daarin, vir Hom reg en goed wees. Dit is hoe Hy ons verlos – Hy laat sy en ons liefde vir mekaar reg wees en die Bybel noem dit regverdigmaking.

2. 1 Korintiërs wys Paulus hoe die verskil liefde van mense vir mekaar wanneer hulle met God 'n liefdeservaring het waarin hulle God se liefde deur hulle liefde verkry het teenoor hoe gelowiges mekaar lief het uit die liefde waarin God hulle vir Hom en sy liefde reggemaak het.

Die Christene in die stad Korinte is maar nog 'n paar jaar gelowiges. Hulle kom uit die heidense wêreld waar mense geglo het liefde is 'n goddelike mag. Ons hoor hierdie heidense opvatting oor liefde vandag nog in hierdie verklarings:

“Liefde maak alles reg”,

“Liefde verander alles”.

“Liefde kry alles bymekaar.”

“Liefde laat alles werk.”

Daarmee bedoel die heidene dat liefde is vir hulle die geestelike mag waarmee hulle alles en almal in die wêreld wil verander. Dit was vir die Christene uit die heidendom in die stad Korinte só en dit is vandag nog só. Liefde is 'n goddelike mag wat jou goddelike dinge laat doen, soos om God se drome te ervaar (profeteer), God se planne te ken (geheime uitlê), God persoonlik en intiem te ervaar in jou innerlike (alle kennis besit) en God se krag en mag deur jou te laat werk (geloof om berge te versit)

Hierteenoor stel Paulus wat Christelike liefde is: dit is nie 'n geestelike mag nie. Dit is liefde wat net liefde is. Dit is nie 'n goddelike krag en mag nie.

Die heidene het liefde geken as die kragtige geestelikheid wat alles verander. Dit is die mag waardeur jy goddelike of dan geestelike krag uitoefen omdat jy jouself opoffer, alles wat jy is opgee, en alles wat jy besit uitdeel.

Volgens Paulus is hierdie goddelike liefde niks nie! dit is nie goddelike kragte en magte nie en dit is ook nie liefde nie. Dit is net niks en dit baat niks. Dit bewerk nie goddelike dinge nie en dit bewerk ook nie wat liefde bewerk nie.

Dit is 'n unieke wat Paulus hier oor heidense liefde verklaar. Dit is 'n tipe liefde wat jou as mens niks maak nie en jou as mens niks baat nie. Dit is kragdadige en magtige liefde. Maar kragdadige en magtige liefde is nie maar net 'n ander manier van lief hê nie. Dit is glad nie liefde nie.

3. Daarom wys Paulus dat kragdadige en magtige liefde is net lawaai, nie musiek nie. Lawaai is nie musiek nie. Dit is nie maar net 'n ander vorm van musiek nie. Musiek het 'n toonaard, 'n melodie en 'n ritme. Dit is nie musiek nie. Lawaai klink nie soos musiek nie al is dit klanke.

Net so! Die oomblik wanneer jy liefde 'n krag en 'n mag maak, het jy van liefde 'n lawaai gemaak. Dit is klank, maar dit is weergalmende ghong en kletterende simbaal, sonder 'n toonaard, 'n noot of 'n melodie. Dit is nét 'n lawaai. Dit is nié musiek nie. Kragdadige en magtige liefde wat alles en almal wil verander, is net 'n lawaai oor liefde, maar dit is geen liefde nie.

Teenoor hierdie gewaande kragdadige en magtige liefde beskryf Paulus dan die werking en aard van die liefde wat Jesus Christus binne in ons skep.

Liefde is net liefde as dit net gegee en as liefde ontvang word.

Dit is nie die mag om alles wat verkeerd is reg te maak nie. Dit is die gawe van Christus om binne, tussen en met alles wat verkeerd is, altyd net liefde as liefde te gee en liefde as net liefde te ontvang.

Wanneer liefde net as liefde gegee en ontvang word, het dit hierdie besondere karakter.

Hierdie liefde is geduldig. Geduldig met wat? Met met alles wat verkeerd is, ook wat verkeerd is met liefde. As ek na mede-gelowiges kyk en sien wat verkeerd is hom of haar, is hierdie liefde geduldig met dit wat verkeerd is.

Hierdie liefde is vriendelik! Dit is vriendelike met liefde wat verkeerd loop. Liefde kan nooit kragdadig wees nie. Dit word altyd in die sekuriteit gegee dat dit onvolledig is en altyd ontvang in sekerheid dat al is dit onvolledig, is dit goed genoeg.

Daarom kan dit nooit grootpraterig wees nie want dit is iets wat gegee word en dit kan nie verwaand raak nie want dit is iets wat ontvang word. Dit is onbelaste en onbevange liefde omdat dit net as liefde gegee en ontvang word!

4. Paulus wys hoe werk hierdie hierdie onbelaste en onbevange liefde deur te wys wat dit nie kan doen nie.

Dit kan nie -

boekhou van die kwaad om dit as rede te gebruik om liefde te weerhou nie. Dit werk gewoonlik so dat ons boekhou van die kwaad sodat ons een of ander tyd die rede kan hê om self nie meer liefde te gee of te ontvang nie. Liefde kan nie so werk nie, want God gee dit vir ons as gawe en daarom is ons liefde vir mekaar, liefde wat net gegee en ontvang word.

Dit kan nie –

oor onreg in liefde bly wees nie, omdat die voorwaarde om eers reg te moet wees, is hoe mense hulself bemagtig om liefde wat gegee of ontvang moet te mag verwerp. God maak ons reg vir sy liefde in Christus en só aanvaar ons mekaar om mekaar lief te hê.

Dit kan nie –

die ander se skandes openbaar om te bewys dat my liefde is beter as die ander een s'n nie. Liefde is God se gawe aan ons en daarom kan ons ons liefde vir mekaar nie 'n kompetisie maak van wie het wat gegee nie.

Dit kan nie -

nie verwaand wees nie want ons bewerk nie groot dinge met liefde nie, dit is net 'n gawe wat gegee en ontvang word en

Dit kan niemand -

spoggerig maak oor die voordele en besittings wat liefde sou bewerk nie, want liefde bewerk nie voordeel en besittings nie. Dit is net liefde wat gegee en ontvang word.

6. Na Paulus beskryf het wat liefde nie kan wees nie, stel hy wat dit wel is.

- Liefde bedek alles wat verkeerd is in die ander se liefde wat gegee word om dit net as liefde te kan ontvang.
- Liefde glo dat alles wat gebeur oomblikke is en sal wees waarin liefde gegee en ontvang kan word.
- Liefde hoop alles, bedoelende is seker dat elke oomblik in die toekoms tye sal wees waarin liefde gegee en ontvang kan word

En daarom kan liefde alle ontberings, tekorte, verlies en pyn verduur om deur alles die gawe te kan behou om vir mekaar liefde te gee en van mekaar liefde te ontvang.

Werklike liefde werk so, want dit word nooit iets anders as net liefde nie.

7. Paulus kom met 'n treffende voorbeeld om die verskil tussen wêreldse en Christelike liefde te beskryf - die verskil tussen kinders en volwassenes!

Ons ken kinders!

- Kinders weet hulle is klein, so hulle wil altyd groot wees;
- kinders is onmagtig, so wil hulle altyd kragdadig wees;
- Kinders is onbevoeg, so hulle wil altyd reg wees;
- Kinders is ontoereikend, en daarom wil hulle altyd in beheer wees.

Kinders se natuurlike ingesteldheid op hulle onmagtigheid is om hulle self met kragdadigheid te bemagtig.

'n Mens moet mooi lees wat Paulus hier stel want hy stel eintlik dat daar iets soos kinderagtige liefde is. Want kinders ken die spel om liefde as mag te gebruik! As mag teen hulle ouers!

Hiervan is kinders meesters: om liefde te gebruik dat jy hulle soos grootmense behandel; soos bevoegde mense moet behandel. Hulle ken die krag om van liefde 'n magspel te maak.

Dit is hoe kinders oor oor liefde praat, dink en redeneer. Kinders is meesters om van liefde 'n magspel te maak om van hulself meer te maak as om net kinders te wees, om van liefde 'n mag te maak om soos grootmense te mag optree en behandel te word.

Kinders wil nie liefde net gee en ontvang as liefde nie.

Kinderagtige liefde is volgens Paulus die liefde waarmee hy besig was toe hy homself soos 'n kind gedra het – om liefde te bedryf as 'n krag en mag wat alles verander. . Volwasse liefde is liefde wat net liefde is.

8. Waar het Paulus hierdie volwasse liefde gevind? 'n Liefde wat hom sy kinderagtige liefde laat los het?

Hy praat van die liefde wat hy in Christus ontdek het! Dit is Christus se liefde vir hom wat hom die verskil tussen kinderagtige en volwasse liefde laat ontdek het. Deur Christus het Paulus sy kinderagtigheid oor liefde as iets in die verlede gelos het en tot volwassenheid in liefde gebring het.

In Christus het hy God se liefde gevind as liefde wat net geglo kan word!

Hy beskryf hierdie twee soorte liefde, kinderagtige liefde en volwasse liefde in gedeeltes soos Filippense 3: 3 – 12.

Kinderagtige liefde was sy liefde as Jood en Fariseër vir God: ek doen alles wat God sê foutloos, onberispelik en dan kry ek God se liefde as 'n goddelike mag waarmee ek mense kan onderwerp en verander (3:6) Dit is liefde as 'n magspel: ek doen die regte goed en God gee die regte goed!

In vandag se geestelike taal klink dit só: Ek het vir God my hart, lewe, die beheer van my lewe gegee en God het my bemagtig om met goddelike krag, mag en liefde te leef.

God het my met sy liefde bemagtig om nie meer 'n mens te wees wat sukkel met gehoorsaamheid en sonde nie. dit is waarvan kinders meesters is, liefde as magspel!

9. Hierteenoor het Paulus 'n ander liefde in Christus ontdek – liefde wat net geglo kan word.

Dit is nie

- 'n magspel,
- kompromieë,
- onderhandelings en
- skikkings nie –

dit is net liefde.

Christus gee my God se liefde sonder dat ek vir Hom iets moet gee vir hierdie liefde! Meer dit is 'n liefde waarin Christus die liefde wat ek vir God gee, wat vol gebreke en foute is, laat en maak hy vir Homself volkome. Sodat dit tussen my en die Here kan gebeur: dit is net liefde! In hierdie liefde is al waarna ons strewe om alles wie Christus is, ons eie te maak omdat Christus ons reeds sy eie gemaak het. (Fil. 3: 12)

En omdat hy dit gevind het kom stel hy dat hy klaar is met kinderagtige liefde. Volwasse liefde! Dit is nie 'n speletjie nie. Dit is liefde wat gegee en ontvang word as liefde.

10. Die unieke van hierdie liefde in Christus is dat dit nie meer

- alles van mekaar wil ken nie,
- nie alles van mekaar wil weet nie en
- nie alles oor mekaar wil deurgrond nie.

Dit gebeur wanneer ons aan mekaar gee om mekaar lief te hê en mekaar se liefde glo! Ons wil nie meer alles weet nie!

Wanneer ons na mekaar kyk, dan sien ons net 'n gedeelte van mekaar soos 'n spieëlbeeld in 'n dowwe metaal. Ons is vir mekaar soos 'n raaisel waarin ons mekaar elke dag weer herontdek. Maar dit is genoeg! Ons wil nie alles van mekaar weet nie. Ons weet genoeg om liefde te gee en te ontvang, en dit is genoeg. Met hierdie liefde wil ons ook nie in al mekaar se privaathede ingaan nie. Ek wil nie alles ken nie. Ek wil nie in jou verlede ingaan, deurdring en jou verlede beset en besit nie. Ek hoef nie te begryp nie, want ek het nie begrip nodig om liefde te kan gee en ontvang wat net liefde is nie. .

Ek wil my liefde vir jou gee en jou liefde wat jy vir my gee ontvang. En dit is al!

11. Die geestelikes van vandag is nie tevrede met die christelike liefde wat net liefde is nie. Hulle soek goddelike liefde en lewe hierdie versugting na goddelike liefde in die Bybel in deur te maak asof die Griekse woord “Agapé” gaan oor hulle selfopgemaakte beeld van goddelike liefde.

Wat is hierdie goddelike liefde waarna hulle smag?

Hulle ervaar goddelike liefde wanneer hulle God se droom leef, hulle God se planne ken en bestuur, hulle een met die mag, krag, wil en persoon van god is. Hulle ervaar hierdie goddelike liefde deurdat hulle glo God se liefde straal uit hulle uit en is 'n krag en mag wat ander mense vir God wen, tot bekering bring en verander.

Daarom glo hulle dat met hierdie spirituele of goddelike liefde kan hulle alles regmaak, alles verander en alles laat werk: met hulle vroue, mans, kinders en vriende kan hulle berge versit.

Hoe het jy goddelik en spiritueel lief, wat anders sou wees as mense se gewone liefde vir mekaar?

Hieroor is hulle duidelik! Jy moet jouself, jou eie lewe, jou eie persoonlikheid en jou eie wil opgee, opoffer en niks laat wees nie. Jy moet jouself en alles wat jy is en het uitdeel, opgee, prysgee en weggee.

Die nuwe spirituele of goddelike liefde, Agape-liefde, wat geestelikes soek, vind en uitdeel is presies net wat Paulus in 1 Korintiërs 13 beskryf as die heidense liefde wat niks is en niemand iets baat nie, nie die wat dit gee of die wat dit ontvang nie.

Christelike liefde kan nooit oorgawe wees nie. Dit is die kinderagtige liefde van heidene – om jouself op te gee, oor te gee en weg te gee om kragdadig en magtig in liefde te word, is niks nie. Dit is nie liefde nie en dit is ook nie regte mag nie.

Wie in Christus God se liefde gevind het, kom nie tot oorgawe nie, maar gee en ontvang liefde net as liefde, onbelas en onbevange. Vir en met elke mens, nie net met “geestelike mense” wat met spesiale goddelike liefde bemagtig is nie.

.